HET GROOTE KERK HIER 'N SKAT(KIS) BEET?

Kis sonder sleutel het almal aan die wonder

'Die storie moet vertel word'

Marelize Barnard



Ds. Erick Zulch en dr. Marius Breytenbach by die kis. Foto's: JACO MARAIS

Die Groote Kerk in Kaapstad het 'n groot geheim, maar weet nie eintlik wat die geheim regtig is nie…

Dit is 'n swaar, antieke kis, maar die kerk het geen sleutel wat daarin pas nie.

Die voorkant lyk of dit lank gelede met 'n tipe rooi verf bedek is. Die kis het swaar ystergrendels en gevlegte metaalstroke wat soliede kante vorm. Dit is deeglik met klinknaels geseël.

Dan is daar 'n groot sleutelgat aan die bokant van die kis.

Vir dr. Marius Breytenbach, predikant verbonde aan die Stellenberg NG gemeente wat ook onlangs sy PhD-graad in argeologie verwerf het, was die grafte onder die kerkgebou 'n onderwerp waaroor hy meer wou uitvind.

Hy het met ds. Erick Zulch, een van die predikante by die Groote Kerk en ook sy skoonseun, gesels oor die ryk geskiedenis van die kerk. Hierdie gesprekke het gelei tot die stigting van 'n erfeniskommissie vir die kerk.

Grafte onder kerk

Breytenbach sê daar is ongeveer 180 grafte en grafkelders onder die kerk. Sommige van die grafkelders het die oorskot van verskeie mense gehou. Daar was 'n stelsel waar die grafkelders gehuur is, en mense se oorskot is ook in- en uitgehaal. Die beendere is in 'n beenhuis geberg wat vermoedelik op die hoek was van waar die kerkgebou nou is.

Breytenbach sê dit sal baie moeilik wees om toestemming te bekom om opgrawings te doen, maar daar is een manier, naamlik om grondpenetrerende radar (GPR) te gebruik om onder die grond te kan kyk.

Kundiges se raad is gevra en hulle is nou besig met die aansoekproses om die gronde van die kerk te mag skandeer.

Breytenbach, wat ook voorsitter van die NG Kerk se argief in Stellenbosch is, gaan nou deur al die dokumentêre inligting oor die Groote Kerk om dit as deel van die aansoek vir die GPR-permit te kan indien.



Soveel sleutels, maar nie een pas in die kis nie. Dr. Marius Breytenbach met een van die sleutels in die kerk se besit.

Hy het Zulch en dr. Paul van der Linde, lidmaat van die gemeente en geskiedkundige, se hulp ingeroep, en hulle het begin met opnames en die modellering van die kerk, en 'n ondersoek na wat moontlik onder die fondamente van die kerk kan wees.

En toe is daar 'n kis

"En hier kom hy uit met die kis wat in die kerk se besit is en vir jare en jare onoopgemaak is," vertel Breytenbach.

Dit is toe dat sy "argiefbrein," begin wakker word. Die NG Kerk se argief vier in November sy tweehonderdjarige bestaan, en die kis is waarskynlik 'n belangrike legkaartstuk van argiefmateriaal.

Breytenbach sê die eerste argief van die kerk het begin by 'n argivaris wat in 1826 'n kis gehad het. Dié kis is gebruik om dokumente, geld en wat ook al, in te berg.



Bo en onder: Die Groote Kerk in Kaapstad se geheimsinnige kis.



"Ek kan nou nie vir jou sê dit is sy kis nie. Maar ons moet nou begin werk aan hierdie lekker raaisel. Ons moet hierdie ding oopmaak."

'n Deskundige van die Iziko-museum het reeds die kis bestudeer en gaan help om dit verder te ondersoek.

Breytenbach sê die waarde van die kis is nie net wat binne is nie, maar dat die kis gedateer kan word.

'n Kis wat baie lyk soos die een in Kaapstad se Groote Kerk staan in die St. Eusebiuskerk in Arnhem in Nederland. Breytenbach sê daardie kis is ook rooi geverf. Hierdie tipe kiste is in Duitsland gemaak, na Nederland geneem en is so ontwerp dat dit aan 'n skip se bodem vasgegrendel kon word.

"Die dop van die kis soos hy daar staan, sê niks nie. Dit is die opwindende deel. Ons moet nou in die argiewe gaan bronne soek. Die kis se storie moet vertel word. Dié kis wat vir honderde jare so gestaan het."

Breytenbach sê die kiste dateer uit die jare 1600 tot 1700. Die kis het aan die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) behoort en op 'n manier kerk-eiendom geword.

Hy sê daar is skeepswrakke waarin geldkiste al gevind is wat kosbaarhede bevat het.

Die Groote Kerk se argieflêers van die jare 1700 tot 1720 is soek, saam met notules en ander dokumentasie.

Breytenbach sê daar is geen waarborg dít is wat in die kis is nie, maar dit is een van die moontlikhede.

"Die kis is so vrek swaar, maar dan kan daar ook niks in wees nie."

Maar dit kan ook net dalk wees dat die kis baie belangrike inligting hou en 'n storie het om te vertel.

Sleutels vir ander slotte

Die kerk het 'n bos groot, ou ystersleutels, maar nie een pas in die kis se slot nie. Daar is ook 'n klein gaatjie in die kis waar 'n klinknael uitgeval het. As mens net 'n klein kamera daar kon deurstoot…

Die kis behoort aan die Groote Kerk en daar is eers toestemming gevra om dit te fotografeer. Daar is nog talle amptelike prosesse wat gevolg moet word voordat die kis enigsins op 'n manier oopgemaak kan word.

Zulch sê die Groote Kerk, wat vanjaar 360 jaar oud is, het talle geskiedkundige items waarna die publiek kan kom kyk. Die nagmaalbeker wat gebruik is deur Simon van der Stel wat in 1691 as goewerneur van die Kaap aangestel is, is deel van die versameling. Sy stoflike oorskot is ook onder die kerk.

Volgens Zulch is die erfenis van die gemeente 'n waardevolle bron waaruit menige lesse geleer kan word.

Wat die geheimsinnige inhoud van die kis is, sal nog vir 'n ruk agter die slot sonder die sleutel moet bly.

SA vlieënier, kollegas vereer vir heldedaad op Flydubai-'bylvlug'

'n Suid-Afrikaanse vlieënier van Kimberley is deur die president van die Verenigde Arabiese Emirate (VAE) vereer vir sy rol in die afweer van 'n lugramp.

Rowan Tooth is saam met die Indiese kaptein Smit Machchhar, die Fidjiaanse vlieënier Henson Steven en vier ander bemanningslede wat vir die lugdiens Flydubai werk deur sjeik Mohamed bin Zajed Al Nahjan, president van die VAE, met die Orde van Zajed II (eerste klas) vereer.

Die eerbetoon is Dinsdag deur sjeik Hamdan bin Mohammed bin Rashid Al Maktoem, kroonprins van Dubai, oorhandig.



Rowan Tooth

Die kroonprins het die bemanning se moed en professionalisme geloof en benadruk dat die veiligheid van mense 'n prioriteit vir die VAE bly.

Dit volg op die gebeure van 30 September op vlug FZ1073 van Flydubai met 174 passasiers en agt bemanningslede aan boord. Die vliegtuig was onderweg van Dubai na Tel Aviv toe 'n medevlieënier, Hamam al-Hammami van Oman, die kaptein, Machchhar, met 'n byl aangeval het.

Volgens VAE-ondersoekers het die aanvaller beplan om die vliegtuig op die Ben Gurion-lughawe te laat neerstort.

Die kaptein kon ondanks ernstige beserings die stuurkajuit oopsluit voordat hy sy bewussyn verloor het.

Vlugdata toon dat die vliegtuig sowat 4 200 m in minder as 30 sekondes geval het.

Passasiers en bemanningslede het Al-Hammami oorweldig en vasgebind.

Tooth, wat as aflosbemanningslid op die vlug was saam met sy kollega Steven, het beheer in die stuurkajuit oorgeneem en die vliegtuig veilig op die Prins Sultan bin Abdulaziz-lughawe in Taboek in Saoedi-Arabië geland.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Simon's Kloof Community Improvement District NPC (SKCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

Datum: 24 November 2026
Tyd: 18h00
Plek: Simon's Town stadsaal

Net bona fide-lede van die SKCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die SKCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 13 November 2026 geregistreer wees.

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.simonskloofcid.co.za of bel 083 602 0784

Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Scott Estate & Baviaanskloof Community Improvement District NPC (SEBCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2026/2027.

Datum: 26 November 2026
Tyd: 18h00
Plek: Hout Bay Museum Hall, 4 Andrews Pad, Houtbaai

Net bona fide-lede van die SEBCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die **SEBCID** se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor **17 November 2026** geregistreer wees.

Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.sebcidhoutbay.org. Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos info@sebcidhoutbay.org of skakel 083 716 1010.

180568BV-DB301026

'Dit was ongeluk': Polisie sluit ondersoek na aktrise se dood

Die polisie het hul ondersoek na die dood van die Amerikaanse aktrise Hayden Panettiere (36) gesluit nadat die lykskouer verlede maand bevind het dat haar dood 'n ongeluk was.

"Op grond van die gevolgtrekking (deur die kantoor van die lykskouer) en die bevindinge van die ondersoek, word Hayden Panettiere se dood as 'n ongeluk bestempel. Die Greenville-polisie het hul ondersoek afgehandel," het die polisie Woensdag in 'n verklaring aan verskeie mediapublikasies gesê, insluitend CNN.

Die kantoor van die lykskouer in die Greenville-distrik het verlede maand gesê dat Panettiere aan 'n oordosis fentaniel dood is.

"Die doodsoorsaak is vasgestel as die toksiese uitwerking van fentaniel, 4-ANPP, alprasolaam, metokarbamol en ketiapien," het die kantoor van die lykskouer gesê.

Hulle het gesê daar was "geen tekens van trauma nie" en haar dood is as 'n ongeluk geklassifiseer.

Panettiere is op 16 Augustus dood nadat sy bewusteloos in 'n woning in die deelstaat Suid-Carolina aangetref is.

Brian Hickerson, met wie Panettiere by tye in 'n verhouding was, en sy broer, Zach, was ten tyde van haar afsterwe in die woonstelgebou waar sy dood verklaar is.

Toe polisiebeamptes op die toneel aankom, was paramedici besig om noodhulp op Panettiere toe te pas.



Hayden Panettiere Foto: REUTERS

> **Daar was geen tekens van trauma nie.**
> — LYKSKOUER

Brian het aan die polisie 'n "sak medisyne" gewys wat die aktrise glo geneem het voordat sy dood is, lui 'n polisieverslag.

In 'n klankopname van 'n 911-noodoproep op die dag van haar dood sê 'n vroulike operateur dat die aktrise se hart gaan staan het. Kort daarna sê 'n manlike operateur dat Panettiere vermoedelik 'n oordosis van 'n middel ingekry het.

Sky News berig Panettiere was in 'n rehabilitasiesentrum weke voor haar dood.

Panettiere het in haar memoires *This Is Me: A Reckoning*, wat in Mei uitgereik is, geskryf oor haar stryd met nageboortelike depressie en verslawing.

Sy het gesê dit het tot haar besluit in 2018 gelei om volledige toesig van haar dogter aan haar eksverloofde, die Oekraïense oudbokser Wladimir Klitschko, te gee, sodat sy hulp kon kry.

Die Amerikaanse federale owerhede ondersoek die moontlikheid dat Panettiere medikasie onwettig van 'n handelaar bekom het. Dit is nog nie duidelik of die owerhede hul afsonderlike ondersoek gaan voortsit nie, berig AP.

Die Amerikaanse dwelmwetstoepassingseenheid het nie Woensdag onmiddellik op AP se versoeke om kommentaar gereageer nie.

Panettiere het een van die herkenbaarste jong aktrises geword nadat sy gekies is om die rol van die rasieleier Claire Bennet in die reeks *Heroes* te vertolk.

Dit was van 2006 tot 2010 op die kassie.

Benewens *Heroes* en *Nashville* was Panettiere ook te sien in rolprente soos *I Love You, Beth Cooper*, *Remember the Titans*, *Bring It On: All or Nothing*, *Scream 4* en *Scream VI*.

ADVERTENSIE | AROS

As die onderwys jou roeping is, kan jy jouself nou tuis bekwaam

Voornemende onderwysers hoef nie hul tuisdorp te verlaat om hul onderwysdroom te verwesenlik nie. Die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) bied toeganklike afstandsonderrig wat studente in staat stel om hul studie in Afrikaans en op 'n Christelike grondslag aan te pak terwyl hulle dit met werk en ander verantwoordelikhede kombineer.

Aros is 'n privaat Christelike hoëronderwysinstelling in Montanapark, Pretoria, wat roepingsgedrewe studente voorberei om met kundigheid en toewyding 'n verskil in die onderwys te maak.

Deur die e-leerplatform, e-Klas, kry studente toegang tot lesings wat vooraf opgeneem is, aanlyn studiemateriaal en interaktiewe sessies. Só kan hulle vanuit hul eie omgewing studeer en steeds by hul gemeenskappe betrokke bly.

Studente kan reeds tydens hul studies as assistentonderwysers by skole betrokke raak. Dit bied waardevolle geleenthede om kennis prakties toe te pas, ervaring op te doen en hulself vir 'n toekomstige loopbaan in die klaskamer voor te berei.

Aros se kwalifikasie-aanbod sluit die Hoër Sertifikaat in Onderwys, Baccalaureus Educationis-grade in die grondslagfase, intermediêre fase en senior fase en verdere onderwys en opleiding, asook die Nagraadse Onderwyssertifikaat in senior fase en verdere onderwys en opleiding in.



Aros bied buigsame afstandsonderrig in Afrikaans op 'n Christelike grondslag, sodat voornemende onderwysers hul droom kan verwesenlik sonder om hul tuisdorp te verlaat. Foto: VERSKAF

Aros AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Spesialisasierigtings sluit tale, natuurwetenskappe, ekonomiese en bestuurswetenskappe, verbruikerswetenskappe, lewensvaardighede en sosiale wetenskappe in. Vir verdere akademiese ontwikkeling bied Aros ook Baccalaureus Educationis-honneursgrade in kurrikulumstudie, leerondersteuning en onderwysbestuur en -leierskap aan, asook die Baccalaureus Artium-honneurs in Christelike filosofie.

Deur Afrikaans, Christelike waardes en buigsame afstandsonderrig te kombineer, wil Aros bekwame onderwysers toerus om hul roeping met verantwoordelikheid en diensbaarheid uit te leef.

By Aros gaan dit oor meer as 'n kwalifikasie. Dit gaan daaroor om 'n betekenisvolle verskil in skole, gemeenskappe en die toekoms van Suid-Afrika te maak.

Skakel 012 332 3227 stuur e-pos na info@aros.ac.za, of besoek aros.ac.za vir navrae.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Pinelands Community Improvement District NPC (PLCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

Datum: Monday, 23 November 2026
Tyd: 18h00
Plek: Pinelands Stadsaal, 18 St Stephens Pad, Pinelands

Net bona fide-lede van die PLCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die PLCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 12 November 2026 geregistreer wees.

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.pinelandscid.co.za of bel 078 840 3366

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Montague Gardens Marconi Beam Improvement District NPC (MMID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

Datum: 20 November 2026
Tyd: 12:00
Plek: Milnerton Biblioteek

Net bona fide-lede van die Montague Gardens Marconi Beam Improvement District (MMID) kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die Montague Gardens Marconi Beam Improvement District (MMID) se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 11 November 2026 (een week voor die vergadering) geregistreer wees.

Die aansoekdokumente vir die verlenging van die CID-termyn is vir inspeksie beskikbaar by die bestuursliggaam se kantore, die kantoor van die uitvoerende irekteur en word op die bestuursliggaam se webwerf gepubliseer.

Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur, sou besware nie van minstens 51% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie.

Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsakeplan indien.

Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.mmid.org.za. Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos info@mmid.org.za of skakel 021 200 5975.